



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
GESTUUR

September 2016

KLOP BY GOD SE DEUR AAN...HY IS ALTYD TUIS



Julle moet nooit moeg word om te bid nie. Vra en God sal vir julle gee. Soek en julle sal kry. Klop aan God se hemelse deur en Hy sal vir julle kom oopmaak (Matt 7:7 Boodskap)

Gebed is om persoonlik met die lewende God te praat. Gebed is die hartklop van 'n christen se lewe. Dit is die direkte verbindingslyn tussen God se kinders en ons Hemelse Vader. God het altyd tyd om te luister as ons net tyd maak om met Hom te praat!

Robert Mofatt, 'n man vir wie God kragtig gebruik het vir Sy koninkryk, vertel hoe sy passie vir die Here begin het by sy ma. Toe Robert huis moes verlaat om sy volwasse lewe aan te pak elders het sy ma 'n ent saam met hom gaan stap om te groet. Sy het na Robert gedraai en vir Robert gesê: belowe my net een ding Robert! "Wat?" het hy gevra.

Sy het sy gesig tussen haar hande vasgehou, haar gesig nader gebring aan hom en gesê: Robert jy gaan die bese wêreld in. Begin elke dag met God, leef elke dag saam met God en eindig elke dag met God. Sy het hom toe gesoen.

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Robert sê dat hierdie woorde wat met 'n soen aan hom oorgedra is het sy lewe verander. Hy het biddend afhanklik en in kontak met God geleef! Daarom het hy die Here met 'n onuitblusbare passie gedien.

Is dit nie moontlik wat ouers, jongmense, omgeegroepes, lidmate, leiers, landsburgers die nodigste het nie nl lewe in voortdurende kontak met Lewende God nie?

Ons as gemeente wil meer by God se deur aanklop! Wil jy nie oorweeg om by een van die volgende geleenthede saam by ons Hemelse Vader se deur te kom aanklop nie:

- Voor elke ereediens 8:15-8:45 in gebedskamer
- By elke diens kan gebedsversoeke of danksegging in kers-mandjie gesit word of in gebedskassies by hoofdeure
- Sondag 17:00 in gebedskamer
- Vrydagoggende 5:30 in konsistorie
- In omgeegroepes
- Krisislyn sms na 079 680 9255 of 082 569 6590

Kom ons klop aan by die een deur wat altyd vir ons oopgemaak sal word!

ds Leon van Heerden

----- DATUMS VAN BELANG -----

- ◆ **4 Sep:** Nagmaal @ 9:00
- ◆ **10 Sep:** Karnaval
- ◆ **25 Sep:** 40 Dae Reeks Afsluiting
- ◆ **30 Sep:** Skole Sluit

Sien jou daar!

* Ten Slotte:

Ons is tans geregistreer om 57 inwoners te kan akkommodeer, asook 15 dagbesoekers. Binne die veilige en gestruktureerde omgewing van YANA se 5 groepshuise, kan elke persoon 'n hawe vind waar hy aanvaar, verstaan en ondersteun word, terwyl deelname aan die program funksionering bevorder.

Ons wil graag hierdie geleentheid gebruik om vir Rietfontein-Suid gemeente se lidmate wat gereeld ons kerkdienste besoek, vir ons inwoners verjaarsdag geskenkies, asook vir ons kontant donasies gee, baie, baie dankie te sê – ons waardeer julle betrokkenheid by ons opreg!

FAMILIE DAG – SATERDAG 22 OKTOBER 2016



Oom Karoolus en Lente kom kuier!

Program vir die dag:

- 14:00-15:00 Oom Karoolus en Lente kom kuier (1 uur van kinder teater vol verrassings en pret!), mamma's en pappa's kom kyk saam met die jongspan!!!
- 15:15 Bring en braai by die kerk
- Koste : R20 per volwassene,
R10 kinders onder 12
- Adres: NG Kerk, Rietfontein Suid (16de Laan 615, Rietfontein)

NAVRAE:

Philip Langenhoven – 082 890 0377
Peet Dorfling – 084 464 7102

Baie pret vir die jongspan, waterwurm, springkasteel, speletjies!

Huis YANA - 14de laan

* Wie is ons?

YANA staan vir "You Are Not Alone". Ons is 'n nie-winsgewende welsynsorganisasie wat geregistreer is by die Departemente van Gesondheid, sowel as Sosiale Ontwikkeling. Ons is die enigste organisasie in ons soort in Pretoria en bestaan reeds sedert 1994.

* Wat doen ons?

YANA bied residensiële versorging (akkommodasie en voedsel) aan persone met skisofrenie, sowel as dagsorg aan persone wat in die gemeenskap bly. Ons verskaf verder 'n dinamiese, multi-dissiplinêre psigo-sosiale rehabilitasieprogram, asook ondersteuning en informasie oor skisofrenie aan familie, vriende en die wyer gemeenskap.

* Wat is Skisofrenie?

Skisofrenie is 'n siekte wat deur 'n chemiese wanbalans in die brein veroorsaak word; een uit elke 100 persone wêreldwyd ly daaraan. As gevolg van die simptome word die persoon se funksionering op alle vlakke aangetas. Skisofrenie kan nie genees word nie, maar kan wel effektief behandel word. Behandeling sluit medikasie, asook psigo-sosiale rehabilitasie in.

* Wat is Psigo-sosiale Rehabilitasie?

Psigo-sosiale rehabilitasie is gerig op die vermindering van simptome en verhoging van persoonlike en sosiale funksionering. Dit stel 'n persoon met 'n psigiatriese siekte in staat om weer 'n vol en vervullende lewe te kan lei. (Wêreld Gesondheids Organisasie 1996). YANA se program sluit o.a. die volgende elemente in: individuele en groepsterapie, aanleer van persoonlike-, lewens- en sosiale vaardighede, kennis en hantering van die siekte, arbeidsterapie, sosiale integrasie, psigiese en fisiese gesondheid, ontspanning en stres hantering.

OMGEE-BEDIENING

Die Gemeente wat vir almal omgee!



KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP!
Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief: Tommy Rademeyer Tel: 082 372 9803 of e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

KARWAS

Elke eerste Saterdag van die maand

Waar? Op kerkgronde aan konsistoriekant op teerblad

Pryse: was-en-ry R20 en was-en-stofsuig R35

Tyd: 9:00-12:00

Om vir werkloos geleentheid te skep vir 'n paar rand oorlewingsgeld.



40 DAE - STORIES VIR LEWE

STORIES VIR LEWE



WEEK 1: DIE SAAIER SE DROOM

WEEK 2: VADERLIEFDE PAR EXCELLENCE

WEEK 3: MOET NOOIT TOU OPGOOI NIE

WEEK 4: DIS NET SKURKE WAT NIE VERGEWE NIE!

WEEK 5: HOOGMOED KOM TOT 'N VAL

WEEK 6: DISSIPELSKAP IS NIE SO DUUR SOOS JY DINK NIE... DIS DUURDER!

Jesus se woordprentjies wat jou vorm

7 Gelykenisse in preke en 7 gelykenisse in die kleingroepe

- ♦ **4 Sep:** Week 4, Dis net Skurke wat nie vergewe nie.
- ♦ **11 Sep:** Week 5, Hoogmoed kom tot 'n val.
- ♦ **18 Sep:** Week 6, Dissipelskap is nie so duur soos jy dink nie Dis duurder!
- ♦ **25 Sep:** Week 7, Afsluiting.

FAMILIE-BEDIENING: Jeug Social

Movie-Aand

Plek: NG Kerk Rietfontein-Suid
Datum: Vrydag, 2 Sep
Tyd: 18:00

Nooi julle vriende!!

Lekker hotdogs en koeldrank sal GRATIS voorsien word. Laat weet asb julle groepleiers teen **30 Aug** wie kom. Sodat ons genoeg kos kan hê.


Skakel Stanwin 0795255695
of Ilze 0721113100



SUIDERKRUIS
JOU LAASTE REIS OP AARDE IS NET DIE BEGIN

OPALIEBEN - SUZANNE
JP EN PLESSIS
ROOIE VAN BLERK
WIMMER VAN DEN LAAR
KAREN VAN DEN LAAR

KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE



KITAAR: leer speel en sing heerlijk saam, Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes. Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe.

Kom maak jou musiek-droom waar!

Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.